# BISDOM OUDTSHOORN

PO BOX 97 • 6620 • OUDTSHOORN • SOUTH AFRICA
42 ST SAVIOUR STREET • 6625 • OUDTSHOORN • SOUTH AFRICA
TELEPHONE • THE CHANCERY • +27 (0)44 2791715
BISHOP'S OFFICE • +27 (0)44 272 5054
FACSIMILE • + 27 (0)44 272 8908
EMAIL ADDRESS: bisdmodn@mweb.co.za
WEBSITE: www.bisdomoudtshoorn.org
PBO No. 930003968

Adiutorium Nostrum

16 Desember 2025

Liewe Broers en Susters in Christus

Ek wens u vrede, hoop en vreugde toe.

Vanjaar het Gaudete Sondag vir my anderste gevoel omdat ek vóór die Kolping Kerssangdiens die Heilige Mis saam met die Kolping families van Kaapstad gevier het en diep onder die indruk gekom het van die gees van diepe afwagting wat daar geheers het. Om te ervaar hoe die jeug van ons bisdom deelneem aan die Heilige Mis en om later te sien hoe hulle hul Christelike erfenis beleef, het my met groot blydskap vervul.

Dit was 'n jaar vol gebeure en ek dank God vir al die geleenthede wat Hy ons gebied het. Dit was ook 'n jaar vol uitdagings en ek dank God dat Hy my vertroue in Hom laat verdiep het. Hierdie jaar het vining verbygegaan en ek dank God dat Hy elke tree van die pad daar was.

Dit is met groot hoop vir die toekoms van ons bisdom dat ek dié brief aan u skryf. Nie net sal ons volgende jaar weereens twee jongmanne hê wat hulle op die priesterskap voorberei nie (Mnr. Lethan Damons wat met sy derde jaar filosofie sal begin, en Mnr. Keithin Lebaea wat met sy eerste jaar van studies begin), maar ons vier ook die terugkeer van ons twee priesterbroeders ná 'n sabbatsjaar waartydens hulle op hul roeping gefokus het.

**Vader Steven Scheepers** sal die sorg vir Sint Blaize en Sint Charles Lwanga parogies in Mosselbaai vanaf 5 Januarie 2026 oorneem.

**Vader Richard April** sal hom in Februarie 2026 vestig by die klooster in Swellendam. Daar sal hy na die geestelike welsyn van die Arm Clarisse van Ewigdurende Aanbidding omsien, en ook retrêtte en geestelike werkswinkels aanbied.

**Vader Dominic Kofi CSsR** sal by Vader Raphael Ogbudu CSsR in Knysna aansluit om 'n Redemptoriste gemeenskap te vorm. Namens al die gemeenskappe wat hy in Mosselbaai bedien het, bedank ek hom.

Daar wag nog 'n paar ander verrassings vir die nuwe jaar, maar kom ons wag tot volgende jaar om dié mooi gawes van God oop te maak.

Mag ons salige Moeder, onder die beskerming van die Onbevlekte Hart van Maria, vir ons bid.

Liefde en my seënbede aan u en u geliefdes vir hierdie Kersfees en vir 2026.

Biskop Noel